

SKRIFGEDEELTE: 3 JOHANNES 1

FOKUSGEDEELTE: 3 JOHANNES 1:12

Demetrius – 'n Getuigskrif deur God geskryf oor jou, aan jou

Van Demetrius word getuig dat hy 'n uitnemende man was en moontlik een van die rondreisende predikers van die evangelie. Van hom word getuig dat hy die waarheid ken en liefhet. Sy woorde en werke het dus getuig dat hy Jesus Christus as Verlosser aangeneem het en dat Hy (Christus) die Enigste Weg en Waarheid na die ewige lewe is.

In die hele optrede van Demetrius het Christus deur sy Gees getuig dat dit 'n man van God is. Ook die apostels en ander wat hom geken het, getuig net goed van hom.

God wil deur elkeen van ons hier op aarde spreek, en ons moet opregte getuienisse vir Hom wees. As God egter vandag 'n getuigskrif oor ons lewe sou skryf, wat sal Hy van ons lewe getuig? As Hy na ons lewe kyk, ons kerkbywoning, ons onderlinge meelewing met mekaar, ons dankbaarheidsoffers deur middel van ons kerklike bydraes, ja ons hele lewenswyse, getuig dit werklik dat ons die waarheid liefhet soos Demetrius?

Dit is net ons hemelse Vader wat aan ons deur sy Woord en Gees ons huidige lewenswandel kan bekendmaak sodat ons die genadetyd ten volle kan benut om 'n nog beter lewe te leef. Dat ons waarlik en opreg die Waarheid, Jesus Christus, kan ken en volgens sy voorbeeld kan leef. God skryf ons getuigskrif nie net met wat ons deur woorde sê en deur daade wat ons doen nie, maar Hy skryf 'n getuigskrif deur na ons hart te kyk, na ons dankbaarheid, en wat Hy dan daar sien, beoordeel Hy aan ons woorde, daade en die opregtheid daarvan.

Dit moet by ons 'n ingebore lewensstyl wees om, gelei deur die Heilige Gees, naby en intiem by en met God te leef. Dit moet ons hele lewensdoel op aarde wees om volgens God se wil te leef. Daar is maar net een waarheid en dit is Jesus Christus Self. Ons moet nooit swig voor die druk van ander mense om te leef volgens die wêreld se maatstawwe nie. Wie waarlik wandel MET God, sal ook wandel NA God.

Mag die Heilige Gees ons so lei dat ons getuigskrif sal voldoen aan God se vereistes en van algehele, volle oorgawe van dankbaarheid. Laat ons altyd naby die Here leef. As ons getuigskrif so moet lyk, kan ons verseker weet dat die lig van God se genade in en deur Jesus Christus vir ons helder en duidelik in ewige heerlijkheid sal skyn.

Sing: Psalm 105:5 (1936)

Ds. MPA (Maarten) Venter (Vryburg)